


# VRYPOS

Tweeweeklikse Nuusbrief van die **NG Kerk Vrystaat**

## *Koninkrykstyd*

**29 SEPTEMBER 2023** | JAARGANG 21

UITGAWE **16**

# INHOUD


## 03 VRYPOS-FOKUS

03 Visionering | **"Ons is hartseer, besorgd, dankbaar én bly!"** *Veertig Vrystaters onderweg na die Algemene Sinode van 2023*

## 04 ARTIKELS

04 Bedieningsbegeleiding | **Die versorging van ons predikante**

04 Bedieningsbegeleiding | **Die verwerking van verlies en traumas; *letsels van die verlede***

04 Bedieningsbegeleiding | **'n Dag van stilword en gebed in die natuur**

04 Vennote in Getuienis | **Groeperinge in Islam: Die verskille tussen Sunni' s en Shi'iete**

04 Afrika-Ekumene | **"The Angola God wants"**

04 Afrika-Ekumene | **Nuwe kerk-leierskap in Malawi**

## 05 VERBI DIVINI MINISTER

05 Onderweg na die Algemene Sinode ... sal die wiele afkom?

## 07 DIS 'N RING-DING

07 Ring-projekte | **Ring van Bultfontein se bediening aan plaasarbeiders**

## 10 MEDIATEEK

10 Boek en Inventaris | **"Gebed vir elke geleentheid"** ***Hennie Maartens***

## 11 EKOLOGIE

11 **Wêreld-dieredag** | Woensdag 4 Oktober 2023

## 13 AKTUEEL ALGEMEEN

13 AGENDA Algemene Sinode 2023 | CLF

14 Advertensies

15 UV Fakulteit Teologie en Religie: Nagraadse programme

## 16 OPLEIDING

## 17 NUUSBRIEWE PUBLIKASIES BROKKIES UIT KERKBODE

## 18 BETREKKINGS

## 19 KALENDER

## 20 VERJAARSDAE

## 21 *BLÊR*-REEKS KINDERSTORIES

## 23 'N LAASTE GEDAGTE

## 24 KONTAK ONS

## FOTO'S

Canva | Pixabay
Flickr | Pexels | Pixton
Tensy anders vermeld

## ARTIKELSKRYWERS

Jan Lubbe
Mariëtte Odendaal
Magdaleen du Toit
Enrico Casaleggio
Martin Laubscher
Rikus van Zyl | NetACT
Missie Japan | CLF | UV
Kerkbode | Wentzel Coetzer
VrydagNuus, Kaapkerk
Blêr | Martin Schwella

---

# LOER, LEES EN LEER

saam met ons in hierdie uitgawe en laat weet ons asseblief wat jy dink!

# DAGBOEK DÍT

**GERONTOLOGIE NETWERK**
**11 OKTOBER** | 09:00-12:00
Tema: **Demensie, wat nou?**
Spreker: **Dr Rayne Stroebel**
Fokus op wat demensie is, diagnose en die impak wat dit op die persoon en diegene wat versorg, het.
**GRATIS** | Engo-saal, Aandbloem

# VOLGENDE VRYPOS

Die volgende uitgawe van *VRYPOS* verskyn op **Vrydag 13 Oktober**.

Kyk gerus na ons **webblad-kalender** vir belangrike datums.

# REDAKTEUR


BYDRAES EN NAVRAE
cmclean@ngkvs.co.za

# CELICIA MCLEAN

ngkerkvrystaat.co.za




## VRYPOS-FOKUS

# "Ons is hartseer, besorgd, dankbaar én bly!"

*Veertig Vrystaters onderweg na die Algemene Sinode van 2023*

DEUR DS JAN LUBBE

Op Sondag, 15 Oktober, sal veertig Vrystaters hul op die paaie na Gauteng bevind; sommige met 'n bus uit Bloemfontein, ander per motor uit die ooste of noorde van ons provinsie. En ons ken die paaie deur die Vrystaat: Dié verg versigtigheid en geduld, maar daar is darem altyd ook die mooi vlaktes en 'n blou hemel bo ons oop. Só is dit ook met die pad na die komende Algemene Sinode, die 18de een van ons familieverband van NG Kerke in Suider-Afrika.

Toe die meeste van hierdie afgevaardigdes 'n vorige Saterdag (16 September) by The Willows buite Bloemfontein byeengekom het, het ons ons op dié reis na die Birchwood Konferensiesentrum waar vanjaar se Algemene Sinode gaan plaasvind, voorberei.





*Foto: AGENDA | 18de Algemene Sinode 2023*

Vir 27 van ons, is dit die eerste keer dat ons deel gaan wees van só 'n historiese kerkvergadering. Daar heers tereg 'n afwagting in ons binneste, selfs 'n ingehoue opgewondenheid; dit ís 'n voorreg. Die Vrystaatse afvaardiging soos wat dit deur ons vyftien ringe, die Moderamen en Kuratorium aangewys is, bestaan uit 19 kerkraadslede, 18 leraars en 3 dosente. Daar is 32 mans en 8 vroue. Ons praat Afrikaans en Sotho. Tien van ons is afgetredenes en vyf van ons is jonger as dertig. En álmal het, toe ons by The Willows die Bybel oopmaak en Eksodus 33 lees, getuig dat God die Getroue Een is, die Almagtige en Altydteenwoordige, heilig én genadig, regverdig én barmhartig. Hy hou sy toorn terug. Hy skenk sy nabyheid...

### Wat maak jou besorgd oor ons NG Kerke? Dalk hartseer?

Rondom die tafels het ons gesels en is dit op plakkate neergeskryf: Dat ons dalk nie die stem van God hoor en dit wíl volg nie – soos Israel destyds ook! Dat daar hierdie innerlike stryd in ons woed tussen ons eie wil en Gód se wil. Dat ons God nie genoeg vertrou nie.

Dat ons mekáár nie vertrou nie! Dat – terwyl ons 'n kleiner-wordende kerk is en mekaar nodig het – ons te veel fokus op randsake of ons verskille, in plaas van dit wat ons deel: God se liefde. Dat daar 'n onverdraagsaamheid is en verdagmaking. Dat ons mekaar oor "verstoktheid" (oueres) of "oppervlakkigheid" (jongeres) veroordeel...

### Wat maak jou dankbaar, en bly oor ons NG Kerke – nou, onderweg na die Algemene Sinode?

Wéér het ons koppe bymekaar gesit en fyn geluister, opreg gedeel: Daar ís mos stories van hoop? Ons is deel van God se plan hier in die Vrystaat; ons is deel van 'n kerk op reis. Daar is mentors onder ons en vroue en jongmense wat as leiers in gemeentes en gemeenskappe na vore kom. Daar is baie gewone lidmate wat net gewoon kerk wil wees; die Here wil dien. Daar is voorbeelde waar gelowiges oor grense uitreik, saam aanbid, hande wil vat en help om 'n verskil te maak. Want God los ons nie alleen nie, God wil "soos 'n vriend" met ons in verhouding leef, deur sy Gees in ons woon en werk. En wat ons veral bly maak, is dat mense steeds "na die tent van ontmoeting wil gaan"; "om die Here te raadpleeg"; "by die ingang van sy tent in aanbidding te buig" (Eksodus 33:7-11).

Ons het die 16de September oor die geskiedenis, samestelling en funksionering van die Algemene Sinode gepraat; vrae wat dáároor bestaan. Christo Weideman van die Taakspan Regte het dit goed toegelig aan die hand van ons Kerkorde (Artikels 18-22, 32, 38-44). Ons gaan elkeen in drieërlei sin na dié sinodevergadering: As gelowige kinders van die Here, lidmate van 'n NG-gemeente; as gestuurde verteenwoordigers van die NG Kerk in die Vrystaat, uit hierdie konteks; en as 'n lid van 'n 18de Algemene Sinodevergadering ...

Lees meer »

# ARTIKELS

## UIT DIE SINODE | AFRIKA-EKUMENE

BEDIENINGSBEGELEIDING

Ringskommissies

### Die versorging van ons predikante

*Mariëtte Odendaal*




Lees hier »

BEDIENINGSBEGELEIDING

Gerontologie Netwerk

### Die verwerking van verlies en traumas; *letsels van die verlede*

*Mariëtte Odendaal*



Lees hier »

BEDIENINGSBEGELEIDING

Spiritualiteit Netwerk

### ’n Dag van stilword en gebed in die natuur

*Magdaleen du Toit*
*Sameroeper: Spiritualiteit Netwerk*



Lees hier »

VENNOTE IN GETUIENIS

Werkgroep vir Islam

### Groeperinge in Islam: Die verskille tussen Sunni’ s en Shi’iete

*Enrico Casaleggio, Vennote in Getuienis*




Lees hier »

AFRIKA-EKUMENE

NetACT

### “The Angola God wants”

*Ds Hannes Theron*
*NetACT Program-koördineerder*




Lees hier »

AFRIKA-EKUMENE

Susterskerk in Malawi

### Nuwe kerk-leierskap in Malawi

*Oorgeneem uit VrydagNuus, Kaapkerk*



Lees hier »

# ARTIKELS

## VERBI DIVINI MINISTER



# Onderweg na die Algemene Sinode ... sal die wiele afkom?

**Deur** dr Martin Laubscher, Erediens Netwerk

Die Algemene Sinode se tema in Oktober vanjaar is "Gaan voor ons uit, Here", en ek wonder hoe word dit gehoor. Wat 'n mens dink dit sê en hoe dit dalk ook gehoor kan word, mag soos dag en nag van mekaar verskil. Daar is myns insiens twee soorte uiteenlopende ervarings in Eksodus 32-34 waarin "die wiele besig is om af te kom", en dit is vreemd dat beide op die tema van God se meegaande teenwoordigheid kan aanspraak maak.

Byvoorbeeld: Het ons in hierdie bede met 'n ontroerende versugting en gebroke hartsverlange te make, of veel eerder met 'n soort militaristiese opdrag en bevel om mee voorwaarts te marsjeer? Is dit 'n triomfantlike kreet wat ons selfversekerd luid, wyd en syd wil uitbasuin, of veel eerder 'n blik op ons voete van klei (weerkaatsend van 'n goue kalf en stukkende tablet) waarmee ons reis tot stilstand kom? Hoor ons dit as 'n ope aktuele vraag waarmee ons bevraagteken word, of veel eerder as 'n geslote antwoord waaroor ons beskik?

Is dit 'n pleidooi vanuit 'n seer en gebroke hart (aan beide kante van die verhouding), of is dit eerder 'n slagspreuk waarmee ons reeds die notules en planne kan (voor)skryf? Spruit dit uit 'n worsteling van die gevalle en vasgevange ervaring van die werklikheid, of het ons eintlik so (bly) "aanbeweeg" dat ons heimlik reeds gearriveer het? Kortom, of dit nou eersgenoemde of laasgenoemde is, beide se wiele kom af op twee teenoorgestelde weë.

Die ervaring van die krisis met God en sy gepaardgaande dreigende, afgetrokke teenwoordigheid en beperkte leiding op ons pad is 'n rou werklikheid wat ons nie vir een oomblik durf onderskat nie. Om in die reine te kom met die verlede is gewigtig en bied geen waarborge nie, maar tog is dit die enigste weg waarop ons 'n hoopvolle toekoms kan ontvang. Teologie wat die krisis ruiterlik erken en openlik die teer seer saak met God tegemoet gaan, mag dalk net opnuut weer ontdek hoe die Here ons kom ontmoet en begelei daar waar ons vasval en vassit. Om voor te gee en aan te plak, ontneem ons van 'n intieme ontmoeting en avontuurlike reis met God.

Die wiele kom voorwaar af daar waar ons tot stilstand kom in die ontmoeting met God, want dit is al hoe ons hiervandaan verder op weg kan gaan. Die eintlike krisis is nie om hierby stil te staan nie, maar veel eerder as ons nooit hier enigsins wil halt roep en behoorlik vertoef nie. Ons kyk die krisis behoorlik vlak indien ons nie insien watter soort stiltetyd daar vir ons skuil in die stille stilstand nie. Die wiele sal voorwaar afkom as ons net wil laat wiel en stoomroller.

Triomfantlike teologie gee allerlei kosmetiese en aangeplakte bewyse van 'n dinamiese herontwerpe wiel, sonder om noodwendig te sien hoe dit staan en spin en al dieper wegsink. *Bling* verteenwoordig nie die heerlikheid van God nie.

Lees meer »

**DOEN JY ADMINISTRASIE? HIERDIE IS VIR JOU!**

**ALLE** SKRIBAS | GEMEENTEBESTUURDERS | KERKKANTOORPERSONEEL
**NUWE PERSONEEL**

# SKRIBA OPLEIDING



## TERTIUS BOTHA

Fasiliteerder

NG Kerk
Vrystaat

'n Inleidende kursus wat jou blootstel aan die Sinodale kantoor en werksaamhede. Ons kyk na praktiese aspekte vir elke dag se werk in die kantoor.

## STEL JY BELANG?

**kontak Tertius vandag nog**

**VIR MEER INLIGTING** (051) 406 6700 tbotha@ngkvs.co.za

# RINGE

*In samewerking met* ***Sinodale Bedieninge***




*Deur* ***Mariëtte Odendaal***

# Die Ring van Bultfontein *se bediening aan plaasarbeiders*

> "Waar ons as kinders van die Here so oor grense handevat, gebeur iets baie moois."
>
> ***Ds Frans du Toit**, NG Gemeente Hoopstad*

Die NG Kerk Vrystaat het in die 2022/23-boekjaar 'n bedrag van R30 000 aan elkeen van die 15 Vrystaatse ringe beskikbaar gestel om gesamentlike ringsprojekte te ondersteun. Die versoek was dat diens in samewerking met 'n sinodale bediening gelewer moes word.

"Wat die Ring van Bultfontein betref, is daar by die sinodale bediening Vennote in Getuienis ingeskakel," vertel ds Deseré de Beer, skriba van die Ring van Bultfontein en predikant van die NG Kerk Hoopstad.

## Ons het meer gaan uitvind oor hul ringsprojek en hoe dit van die grond af gekom het.

Die ring het aan ds Frans du Toit opdrag gegee om moontlikhede te ondersoek om getuienisbedienings binne hul ringsgebied uit te brei. Hy is by Hoopstad-gemeente aangestel om bediening onder plaaswerkers en kerkleiers in die gemeenskap te bevorder.

Dit behels grootliks die opleiding en bemagtiging van leiers om deur klein geloofsgemeenskappe, jeug- en kindergroepe en persoonlike dissipelskap bruikbaar te wees vir God om sy Koninkryk in hul omgewing uit te brei.

Daar het vir hulle toe 'n paar mooi geleenthede opgedaag om hierdie werk verder in die ringsgebied te bevorder. Een van hierdie geleenthede is 'n mooi getuienis van hoe "die lande wit staan vir die oes".

Ds Frans vertel: "Langs die teerpad tussen Bultfontein en Welkom, op die plaas Maraispark, staan wat eens 'n netjiese kerkgebou was. Die bediening waarvoor dit aanvanklik gebou is, het jare gelede ten einde geloop en dit het vervalle geraak, maar Willem du Plessis, die boer op wie se plaas dit is, voel al vir lank dat die Here hom dit op die hart druk dat die evangelie vandaar moet uitgaan.

Lees meer

© 2023 | NG Kerk Vrystaat

**GRATIS**

Gerontologie
Betekenisvolle **veroudering**

# DEMENSIE
# WAT NOU?

*Dr Rayne Stroebel*



## Temas

**Wie is ek** – 'n blik op die persoon agter die diagnose van demensie.

"Gaan kry jou sake in orde..." – **ek het demensie, wat nou?**

Fokus op wat demensie is, diagnose en die impak wat dit op die persoon en diegene wat versorg, het. Hy kyk diep na die Siel van die persoon wat leef met demensie.

www.youtube.com/watch?v=Xwz_gXj9k8s

**ENGO-SAAL** | NG GEMEENTE AANDBLOEM

**11 OKTOBER | 09:00 - 12:00**

**082 783 0730**

**WhatsApp "JA"** om te RSVP | 29 Sept

NG Kerk Vrystaat | UFS | Theology and Religion UFS

# TEOLOGIESE OPLEIDING

## UV-AANSOEKE SLUIT 30 SEPTEMBER 2023

Hoekom studeer jy Teologie?

UVS | **REGISTREER**

NGKVS | **TEOLOGIE**



# registreer nou!

# *Gebed* vir elke geleentheid

## *Hennie Maartens*

Deur **Hennie Maartens**

*SAGTEBAND & EPUB*
*PUBLISEER DATUM: 2023-09-01*




"*Gebed vir elke geleentheid* bevat meer as 100 gebede vir elke geleentheid om gelowiges se gebedslewe te versterk en aan te vul. Somtyds wil ons graag ons harte na God wend maar ons kan nie die regte woorde vind om ons gevoelens aan die Here oor te dra nie. In hierdie boek het Hennie Maartens 100 hartsgebede saamgevoeg in 'n unieke bundel waarin die Here se kinders riglyne vir gebed kan vind om na die hemelse Vader uit te reik te midde van elke seisoen, situasie, lewensgebeurtenis of beproewing. Hierdie is nie net die perfekte boek om 'n persoonlike gebedslewe te verryk nie, maar ook die ideale boek vir mense wat vir groepe moet bid, soos onderwysers, skoolhoofde, predikers, ouderlinge, selgroep-leiers en jeugleiers."

***Oorgeneem uit** lapa.co.za; global.penguinrandomhouse.com*
*Beskikbaar by Boekhandelaars, Lapa uitgewers en Amazon*

## MEDIATEEK | **INVENTARIS** »

Loer gerus na die **Mediateek** van die NG Kerk Vrystaat, Sinodale Kantoor se volledige inventaris.

Navrae | **Anelia van den Blink**
**(051) 406 6700** of **kuratorium@ngkvs.co.za**.




## 4 OKTOBER 2023

**Oorgeneem** | *worldanimalday.org.uk*

Diere verskaf aan ons as mense van die grootste vreugdes in ons lewens. Of dit nou 'n getroue hondevriend, 'n liefdevolle kat of van die mees interessante wilde diere is wat ons in die talle wildtuine en natuurparke in ons mooi land te siene kry; diere verryk ons lewens op ontelbare maniere. Vier gerus vanjaar **Wêreld-dieredag op Woensdag 4 Oktober** en doen jou deel om van die wêreld 'n beter plek vir alle diere te maak. Elkeen van ons kan, veral as Christene, 'n groot verskil ten opsigte hiervan maak. Komaan, word deel van iets besonders. Lees meer **HIERONDER**.

---

WORLD ANIMAL DAY
OCTOBER 4

Lees hier »

V R Y S T A A T

# BRANDE

**HELP ONS OM DIE BOEREVERENIGINGS TE HELP**

met **finansiële bydraes vir brandstof** om voer na die areas wat deur die brande verwoes is, te neem.

## HOOPFONDS

**ONS KORT JOU HULP!**

**NG Kerk Vrystaat**

**Nedbank | Tjekrekening 1178 097 218 | Takkode 198765**

**Verwysing: VS-Brande**

Diens van Barmhartigheid, ds De la Harpe le Roux

083 232 1051 /dlh@ngkvs.co.za





# AKTUEEL EN ALGEMEEN











R350
10% afslag
WORD & worship
Preaching Resources and Liturgical Material
Based on the readings from the Revised Common Lectionary – Year B Advent 2023 to Pentecost XXVI 2024
dig tot 30 September 2023. Netto prys. BTW ingesl. Posgeld uitgesl.
E-pos: order@clf.co.za / Koop aanlyn: shop.clf.co.za
Klik hier


Academic and Theology Books
Christ's love
Mission
African Public Theology
Christianity in Eurafrica
The Unexpected Third
Say it in isiXhosa
South Africa
UNKNOWN
own
Klik hier


CLF'S
BOOK CLUB
BOOK A MONTH CLUB
MEMBERS RECEIVE 50% DISCOUNT ON ANY ONE BOOK PURCHASE EACH MONTH
DEVOTIONAL, BIBLE STUDY, SPIRITUAL GROWTH, FICTION, INSPIRATIONAL
info@clf.co.za
021 873 6964
Net voor droogte
Klik hier


cefa
Face to face training Bloemfontein
Child & Youth Care Work (NQF Level 4)
Min Qualification - Grade 10,11 or 12 Certificate
Start date 7 Febuary 2024
Admission Closes on 12 January 2024
Enrol Now
Klik hier


MOENIE UITMIS OP ONS
GO/ART DE OLIVIA DAGBOEKE
2024
2024
A4 DAGBOEK R350 per dagboek
A5 DAGBOEK R250 per dagboek
Engo
Eternal hope • Ewige hoop • Tshepo esafeleng
Bestel joune nou by info@engo.co.za
Klik hier


ENGO DESKPADS 2024
INTRODUCING THE STUNNING NEW ENGO ART DE OLIVIA DESKPADS
2024
Januarie
BY SENDING AN EMAIL TO INFO@ENGO.CO.ZA
Klik hier


ONS DERDE VRYSTAATSE VROUEWEGBREEKNAWEEK
EINGEDI RETREAT NABY LADYBRAND
13 TOT 15 OKTOBER 2023
TEMA: WAT HET VREUGDE EN SAPPIGHEID MET MEKAAR TE DOEN?
AANBIEDER: PRETPRATER ELSABE ALDRICH
GASSPREKER: BLYDSKAPKENNER JOHANNES DE VILLIERS
Die naweektarief van R1800 sluit die volgende in:
• 2 nagte se verblyf in goedtoegeruste chalets
• 5 heerlike bederf-maaltye
• 4 Sappige Sessies deur Elsabe
• 1 Blydskapsleerskool deur Johannes
• Skryfboek, pen en ander verrassings
Vir besprekings kontak Jolanda Visser by 0828520610. Meld hoeveel in julle groepie is. 'n Deposito van R500 maak jou plek vas. Die res van die bedrag kan in paaiemente oor die volgende vier maande inbetaal word. Teen 30 September is die volle bedrag betaalbaar. Stuur betaalbewys na Jolanda by g.visser@mweb.co.za
Bankbesonderhede: E Aldrich ABSA tjekrek 4044347765 Bankkode: 334210
Elsabe se selnommer vir enige navrae: 0828959899 of 0832328784
Blydskap
Klik hier


1873 - 2023
GOD SE LEWEGEWENDE STROOM
Die verhaal van die NG Gemeente Frankfort
Dr Gerdie van der Merwe VDM
BESPREEK VOORAF!
R500
NG KERK FRANKFORT
FNB
TAK KODE: 230433
REK NR: 62638590126
VERWYSING: Gedenkboek & Naam
Inligting: 060 524 2049
Klik hier


JULLE WORD VRIENDELIK UITGENOOI NA DIE
EVESTIGING EN INTREEPRE
VAN
PROF. DANELL SWANEPOEL
NG Kerk Jacobsd
SONDAG 08 OKTOBER 2023
OM 09:00
teen Vrydag 06/10 vir verversings in die ke
na verloop van die verrigtinge (079 507 2212)
Klik hier

UNIVERSITY OF THE FREE STATE
UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT
YUNIVESITHI YA FREISTATA


UFS THEOLOGY AND RELIGION

## Requirements for admission

Requirements for admission and academic articulation: A four-year degree in Theology or, alternatively, a three-year Bachelors degree followed by an Honours degree. The successful completion of the Masters programme in Spiritualty, based on certain requirements, provides students access to enrolment for a PhD in Spirituality.

**Cost of the program**

The University of the Free State yearly stipulates the cost of the programme. It is possible to apply for a limited number of available bursaries.







**MTh in Spirituality**

"... the lived experience of Christian faith and discipleship"

VISION 130 Renew and Reimagine for 2034

UNIVERSITY OF THE FREE STATE UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT YUNIVESITHI YA FREISTATA UFS THEOLOGY AND RELIGION






# OPLEIDINGSGELEENTHEDE

Excelsus
SENTRUM VIR BEDIENINGSONTWIKKELING

## NUUT Kom lees die Nuwe Testament

VBO FORUM

**11-12 Oktober** | Die tweede van 'n reeks aanlyn aanbiedinge per Zoom oor die lees van die Bybel: "Bybellees". Kom ons lees die Nuwe Testament: *Saam met Jesus op die berg.* In hierdie werkswinkel word daar gefokus op die Matteus-evangelie deur die lens van die bergmotief wat op sleutelplekke in die boek aangetref word deur Dr André Bartlett. Koste: R105 | VBO: 20 punte | Sluitingsdatum: 9 Oktober 2023.

Lees meer + Registreer +

## Pastorale Beradingskursus

VBO FORUM

**24 Oktober** | 'n Aanlyn Pastorale Beradingskursus via Zoom deur prof Wentzel Coetzer, met die tema: *Aandagafleibaarheid en die Pastoraat.*

Die koste van R250 pp (egpare: R400) sluit sleutelnotas en tersaaklike dokumente in. Akkreditering: 5x VBO-punte – CPSC-punte – ook AFM PCD-akkreditasie.

Persone wat nie die betrokke oggend die kursus kan bywoon nie, kan nogtans registreer en dan agterna 'n skakel ontvang om in enige latere stadium die kursus te volg. Navrae @ 083 660 0409 / e-posadres: wentzelc@gmail.com

Lees meer + Registreer +

## NUUT Inleiding tot Emosionele Logika

VBO FORUM

Voel jy kwaad en magteloos oor beurtkrag? Ontdek die logika van jou emosies.

Lees meer + Registreer +

# NUUSBRIEWE EN PUBLIKASIES

NUUSBRIEF | PUBLIKASIES | BROKKIES UIT KERKBODE




Nuuswenke oor lidmate, gemeentes of ringe wat uit die boks dink om ‘n verskil in hul omgewing te maak, is baie welkom.

E-pos: helene@bmedia.co.za

**Nuusbrief**
*Missie Japan*


**Lees hier »**




**Publikasie**
*Prof Wentzel Coetzer*

**Loer hier »**

*Oorgeneem uit wentzelcoetzer.org*




**Publikasie**
*Prof Wentzel Coetzer*

**Loer hier »**

*Oorgeneem uit wentzelcoetzer.org*

## BROKKIES UIT kerkbode

**Fokus op Algemene Sinode | Oor verslae, afgevaardigdes, misverstande en vreugde**

*Kerkbode | Nuus | 28 September 2023*
*Le Roux Schoeman*

**KYK: ‘Die wederkoms is ’n fees en die kerk is die kelners wat mense uitnooi’ – Stephan Joubert by Lentekonferensie 2023**

*Kerkbode | Nuus | 20 September 2023*
*Heléne Meissenheimer*

**Nelis Janse van Rensburg | Algemene Sinode 2023: Dán sal die kerk in die nagloed van die ontmoeting met haar Hoof, nuut getuig, nuut sy liefde beliggaam …**

*Kerkbode | 20 September 2023*
*Nelis Janse van Rensburg*

**Uit Gustav se pen: Wat NG Kerk sê oor die konsep Huwelikswets-ontwerp van 2022**

*Kerkbode | Artikels | 29 Augustus 2023*

# BETREKKINGS

VAKATURES | PREDIKANTENUUS

NG Kerk Vrystaat

NG GEMEENTE
**ODENDAALSRUS-OOS**
LERAARSPOS

Oop vir aansoeke **totdat pos gevul word**

NUUT

NG Kerk Vrystaat

NG GEMEENTE
**BETHLEHEM-NOORD**
LERAARSPOS

Sluit: **29 September 2023**

NUUT

NG Kerk Vrystaat

NG GEMEENTE
**HEUWELKRUIN**
VOLTYDSE LERAARSPOS

Sluit: **9 Oktober 2023**

*OORGENEEM UIT KERKBODE*

NUUT

NG Kerk Vrystaat

NG GEMEENTE
**BETHULIE**
*(Dolerend)*
LERAARSPOS

Sluit: **31 Oktober 2023**

NG Kerk Vrystaat

NG GEMEENTES
**JAGERSFONTEIN & FAURESMITH**
KONTRAK-LERAAR

Sluit: **30 November 2023**

NUUT

NG GEMEENTE TYGERPOORT

NG GEMEENTE
**TYGERPOORT**
VOLTYDSE MEDE-LERAAR

Sluit: **20 Oktober 2023**

*OORGENEEM UIT KERKBODE*

## Predikantenuus

VRYSTAAT

Almal word vriendelik uitgenooi na die bevestiging en intreepreek van proponent Danell Swanepoel op Sondag 8 Oktober 2023, om 09:00 te NG Gemeente Jacobsdal. **RSVP @ 079 507 2212** teen Vrydag 6 Oktober vir verversings in die kerksaal na verloop van die verrigtinge. **LOER HIER** na die amptelike uitnodiging.

**Kerkbode**

**MEER INLIGTING** | woes@mweb.co.za / 023 342 6030

**Afflosleraars**

**MEER INLIGTING** | skakel@ngkvs.co.za / (051) 406 6700

# KALENDER

Stuur alle kalender-gebeure aan **cmclean@ngkvs.co.za**




**www.ngkerkvrystaat.co.za**

NG Kerk Vrystaat

Loer gerus hier op die **webblad se kalender** vir alle belangrike datums en gemeentegebeure

# VERJAARSDAE



## Veels geluk!

Wense
van voorspoed,
God se seëninge
en genade vir die
nuwe lewensjaar.

## OKTOBER »

| | |
|---|---|
| 02 | Ds John Jackson<br>**FRANKFORT** |
| 03 | Ds Jannie Smith<br>**DE BLOEM** |
| 08 | Ds Laetus Lategan<br>**BLOEMHEUWEL** |
| 09 | Ds Pieter Prinsloo<br>**SASOLBURG-TUINEDAL** |
| 09 | Ds Willem Burger<br>**SASOLBURG-FAKKEL** |
| 09 | Ds Frans Steenkamp<br>**SINODALE KANTOOR** |
| 11 | Ds Etresia van Schalkwyk<br>**MEMEL** |
| 11 | Ds Chris Du Raan<br>**PETRUS STEYN** |

# DIE VERLORE SKAPIE

deur MARTIN SCHWELLA



## Die vreemdeling

"Welkom terug in Blêrfontein maaitjies! Die son skyn helder en Leon is alweer aan die droom. Sy oë droom en dwaal in die wolke.

Hy dink weer aan tannie Êna se mooi woorde wat sy so snaaks vir hulle gesing het. Hy wonder so bietjie oor hierdie herder, die een wat alles gemaak het, die een wat ons veilig laat wei. Leon voel skoon vreemd. Wie is hierdie herder, 'n vreemdeling? Of is Leon die vreemdeling? Dit is interessante gedagtes wat Leon vandag bedink.

Leon stap na die veld, want hy het op 'n ander dag pragtige blommetjies daar gesien en hy het dit goedgedink om vir Tannie Êna 'n bossie te gaan pluk. Dit is sy manier om haar te bedank. Leon stap tussen die goudgeel veldgrasse in, hy sien die rooi sandstof en klippies by sy pootjies op die paadjie, en daar voor hom is die mooiste rooi veldblomme. Dit is Tannie Êna se gunstelingkleur!

"Fantasties!" roep Leon uit terwyl hy loop om van die blomme te pluk.

Toe Leon voor die blommetjies staan, verdwyn die son ewe skielik. Daar hang 'n groot skaduwee oor Leon. Hy probeer uitvind wat aangaan en kyk op. Hy sien die skaduwee is dié van 'n groot figuur met twee spits ore op sy kop wat reg voor die son staan.



“Hahahahaha ...” lag die figuur kliphard. Leon skrik hom boeglam, sy ogies is groot en sy hartjie klop baie vinnig. Hy is bang, voor hom staan ’n vreemdeling.

Leon staan tjoepstil. Hy lig sy pootjie bewerig op om te probeer groet. “Hahahaha,” lag die vreemdeling weer. “Skapies soos jy mag mos nie so alleen rondwandel nie, of hoe?” Leon wil nog antwoord, maar die vreemdeling praat oor hom. “As skapies so alleen rondloop kan hulle gevang word...” sê die vreemdeling weer. Hy stap nou nader in Leon se rigting terwyl hy verder praat. “In hierdie area waarsku hulle mos die skape teen JAN JAKKALS! Die een wat skape vang! Is dit nie waar nie, ou lammertjie?” Die vreemdeling laat sak sy gesig tot voor Leon en kyk hom reg in die oë. Leon kan nou sien dat die figuur met die puntige ore eintlik ’n jakkals is. Leon is so bang dat sy stertjie bewe. “En weet jy lammertjie, my naam is Jan... Jan JAKKALS!” sê die vreemdeling om Leon te laat skrik!

Lees meer hier, my BLÊR

TEKS: **JESAJA 60:1** (AFR83)

**Ds Rikus van Zyl** | Leraar van NG Gemeente Edenburg

# Laat skyn die LIG

*Kom, Jerusalem, laat skyn jou lig! Vir jou het die lig gekom, die magtige teenwoordigheid van die Here het vir jou lig gebring.*

**JESAJA 60:1 (AFR83)**

Lig het 'n belangrike plek in ons lewe. Die lig van die son is lewe-gewend. Die son gee energie, laat groei, maak warm, maak dat ons kan sien en nog vele meer. Wanneer die son ondergaan, word dit donker. Ons was gewoond daaraan om, wanneer dit donker word, net 'n skakelaar te druk en dan was daar lig. Nou, met beurtkrag, is dit anders. Ons moet allerhande planne maak om die donker van die nag te verdryf. Met sonpanele, batterybanke, kragopwekkers en LED-ligte oorkom ons die probleem van nie kan sien nie. Jy weet ook hoe handig jou selfoon se liggie is wanneer die donker jou onkant betrap.

Ons het weer bewus geraak van ons afhanklikheid van lig. Veral van die bron van lig. Ons het in ons lewe van elke dag lig nodig. God se lig. Meer nog, God is die lig vir die wêreld. En dan daarmee saam die oproep: Laat skyn die lig. Laat skyn God se lig in die wêreld. En dit is waaroor Jesaja 60 vers 1 en verder handel: "Kom, Jerusalem, laat skyn jou lig! Vir jou het die lig gekom, die magtige teenwoordigheid van die Here het vir jou lig gebring."

Israel self is nie die oorsprong van die lig nie. Hulle het die lig ontvang en hulle skyn in die donker wêreld. Die gelowiges weerkaats die lig wat hulle van Jesus ontvang het, in die wêreld.

### Waar en hoe gebeur dit?

Dit gebeur in die daaglikse lewe van elke gelowige en gesamentlik as gemeente, as kerk. Ek fokus meer op die roeping van die gemeente, as kerk om die lig uit te straal. Ons is hier met 'n doel geplaas: Die doel gaan nie oor onsself nie, maar om hier in God se wêreld, in sy Koninkryk, 'n verskil vir Hom te maak. Om Sy lig hier te laat skyn!

**Lees meer** »



Foto: **Ds Rikus van Zyl**

# KONTAK ONS

REDAKSIE

**NG KERK VRYSTAAT**
Departement Kommunikasie en Bemarking
**051 406 6700 (k)** | **072 151 9799 (s)**

Van Heerdenweg 20, Wilgehof, Bfn 9301
Posbus 11412, Universitas 9321

Nuusgebeure | Bydraes | Inligting
voor 12:00 Dinsdae na
cmclean@ngkvs.co.za



# Samestellers

Celicia McLean (Redaksioneel)
**cmclean@ngkvs.co.za**

Carlie Niehaus
**carlie@ngkvs.co.za**

**skakel@ngkvs.co.za**

**PROEFLESERS**

Lisma Liebenberg | Cecilia Steynberg
Magdaleen du Toit

@NGKERKVRYSTAATAMP • NGKERKVRYSTAAT.CO.ZA

Teken in op **VRYPOS** | Kanselleer **VRYPOS**

© 2023 NG Kerk Vrystaat | **VRYWARING**



NG Kerk Vrystaat

NG KERK VRYSTAAT | © **2023**
Departement Kommunikasie en Bemarking